Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Inrigtingsbestuur-en-Beheer: Skoolverryking

Verwysing: 20160211-7653
13/2/8/30/R
Navrae: Distrikskantoor

Omsendbrief: 0009/2016
Vervaldatum: Geen

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders, Skoolverrykingskoördineerders, en Prinsipale van primêre en sekondêre skole

Onderwerp: 2016 Suid-Afrikaanse Skoolkooreisteddfod

1. Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) in samewerking met al die provinsiale onderwysdepartemente sal weereens die Suid-Afrikaanse Skoolkooreisteddfod (SASKE) in 2016 reël, bestuur en monitor.

2. Die 2016-kompetisie is herontwerp om meer omvattend te wees en sal in die volgende afdelings vir skoolkore voorsiening maak:

Primêre skole
Jong kinders (Graad R-2)
Grondslagfase (Graad 3-4)
Intermediêre Fase (Graad 5-7)
Plaasskole

Sekondêre Skole
Sekondêr A
Skole wat gedurende die afgelope vier jaar deurlopend goed presteer het in die vyf goedgekeurde kategorieë (bv. gemengde kore – Afrika, Afrikaans, Westers en manlike en vroulike kore).
Sekondêr B
Skole wat vir die eerste keer deelneem asook daardie skole wat aan die program deelgeneem het, maar nie die nasionale vlak bereik het nie.
Oop Kategorie

Laer Parlementstraat, Kaapstad, 8000
tel: +27 21 467 2000 faks: +27 21 467 2996
Veilige Skole: 0800 45 46 47

Privaatsak X9114, Kaapstad, 8000
Indiensneming- en salarisnavrae: 0861 92 33 22
www.westerncape.gov.za

Vir beide bogenoemde kategorieë om te kies wat hulle geskik vind.

Verwys asseblief na die "2016 Participation Rules" vir die voorgeskrewe musiek en kriteria vir deelname. Die prinsipaal en dirigent MOET hierdie reëls lees en hulself vertroud maak daarmee. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) sal skole wat aan die SASKE deelneem, streng monitor. Skole wat die reëls verontagsaam, sal onmiddellik gediskwalifiseer word en nie toegelaat word om vir die volgende vyf jaar nie aan die SASKE deel te neem nie.

3. Grondslagfase-kore sal slegs aan die distrik se eisteddfod deelneem. Hulle sal nie aan die provinsiale en nasionale afdelings van die kompetisie deelneem nie.

4. Musiekstukke is vir alle afdelings voorgeskryf. Die reëls vir deelname asook die 2016-bladmusiek kan van die DBO se webblad afgelaai word by: http://www.thutong.doe.gov.za/Default.aspx?alias=www.thutong.doe.gov.za/schoolenrichment U kan ook u distrikskantoor vir hulp met die musiek of die reëls vir deelname kontak.

5. Om vir die kompetisie in te skryf, moet skole die aangehegte registrasievorm voltooi en dit teen 18 Maart 2016 terugstuur aan die amptenaar wat vir skoolverryking by hul distrikskantoor verantwoordelik is. Skole word versoek om die koor se grootte tot 'n maksimum van 45 leerders te beperk. Dit help om logistieke reëlings te vergemaklik.

6. Dirigente en prinsipale van deelnemende skole sal genooi word om distrikswerksessies by te woon om hulself met die voorgeskrewe musiek en die reëls vir deelname vertroud te maak

7. Distrik- en provinsiale uitdunningsrondtes sal onderskeidelik tussen April en Mei 2016 plaasvind.

8. Skole sal slegs toegelaat word om na die volgende been van die kompetisie te vorder as die beoordeelaars hul vertoning 'n punt van 60% (vlak 3) of meer gee.

9. Prinsipale en skoolbestuurspanne moet seker maak dat kooroefeninge nie met die skool se akademiese program en kontaktyd inmeng nie. Dit is baie belangrik dat dirigente nie leerders vra om kooroefening tydens onderrigtyd by te woon nie.

10. Skole wat aan hierdie geleenthede deelneem, moet self reëlings vir hulle reis- en verblyf tref. Die WKOD sal reis en verblyf soos volg subsidieer:
    - Skole wat meer as 200 km (retoer) reis, sal tot 'n maksimum van R3 000.00 per skool vir distriksrondtes en provinsiale rondtes ontvang.
    - Skole wat meer as 700 km (retoer) reis, sal tot 'n maksimum van R5 000.00 per skool vir distriksrondtes en provinsiale rondtes ontvang.

- Verblyf vir die bywoning van die provinsiale rondtes sal teen R100.00 per leerder per nag gesubsidieer word.

Hierdie subsidies sal betaal word sodra 'n memorandum van verstandhouding onderteken is wat ten minste drie weke voor die geleentheid by Hoofkantoor ingedien moet word.

11. Die nasionale eindronde sal tussen 28 en 30 Junie 2016 in Johannesburg plaasvind. Die WKOD sal vervoer en verblyf vir 'n maksimum van 45 leerders per skool vir hierdie geleentheid verskaf. Die WKOD sal nie hiervan afwyk nie.

12. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle opvoeders, ouers en leerders.

GETEKEN: P A VINJEVOLD
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2016-02-25

Distriksamptenare se kontakbesonderhede

Onderwysdistrik	Kontakbesonderhede
Metro-Sentraal	Me S Majiet Tel.: 021 514 6700 Faks: 021 514 6953 E-pos: Smajiet@westerncape.gov.za
Metro-Oos	Me MJ Swartz Tel.: 021 900 7253 Faks: 021 903 2149 E-pos: Mjswartz@westerncape.gov.za
Metro-Noord	Mnr D Leonard Tel.: 021 938 3170 Faks: 021 938 3180 E-pos: Dleonard@westerncape.gov.za
Metro-Suid	Mnr R Esau Tel.: 021 370 2000 Faks: 021 372 1856 E-pos: Resau@westrncape.gov.za
Weskus	Me C Beukes Tel.: 021 860 1210 Faks: 021 860 1231 E-pos: Cbeukes@westerncape.gov.za
Kaapse Wynland	Mnr F Josias Tel.: 023 348 4602 Faks: 023 342 4138 E-pos: Fred.Josias@westerncape.gov.za
Overberg	Mnr K Mike Tel.: 028 214 7300 Faks: 028 214 7400 E-pos: Kobus.Mike@westerncape.gov.za
Eden & Sentrale Karoo	Me S Stofile Tel.: 044 803 8300 Faks: 044 873 2253 E-pos: Sino.Stofile@westerncape.gov.za